

**Skrifgedeelte: Psalm 51 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 51:13**

**Bly by God**

Ons glo ... maar tog bly ons sondig. Waar soek ons vergewing?

Dawid worstel met sy sonde met Batseba, maar God se barmhartigheid en liefde is sy enigste pleitgrond vir vergewing. Alleen by God is daar redding. Die teenwoordigheid van die Gees bly 'n realiteit in sy lewe. Deur sy sonde grawe hy egter 'n kloof tussen hom en God. Dit bring eensaamheid, smarte en donkerheid in sy lewe.

Al wat weer blydschap en vrede in sy hart kan bring, is die vergewing en nabyheid van God. God moet hom in sy diepste wese verander en as nuwe mens laat leef. Alleen die Heilige Gees laat hom werklik lewe en hom met lof en toewyding vervul.

Nee, ons kan nie net verskoning vra oor ons sondes nie. Die werklikheid dat jou sonde God van jou wegstoot en die Heilige Gees bedroef, moet in jou leef. Die ware smag na vergewing is ook om te bid vir die werking van die Gees in ons harte.

Die Gees wat in my hart woon ...

- laat my my sonde en breuk met God raaksien;
- maak my oë oop sodat ek die wondergenade van Jesus Christus raaksien waar Hy aan die kruis vir my sondes betaal;
- laat my in diepe berou voor my Verlosser buig;
- gee my 'n nuwe lewe van dankbaarheid om te lewe om God te loof;
- verbind my met my God in 'n innige liefdeslewe;
- laat my met liefde en diensbaarheid teenoor my naaste optree.

Natuurlik moet ons net nie die Heilige Gees bedroef met 'n lewe wat volhard in die sonde nie, maar bly bid dat ons nie wegdryf van God af en die Heilige Gees van ons weggeneem word nie! By God is vergewing. Bly in die teenwoordigheid van jou God!

*Sing: Psalm 51-1:5*

*Ds. RG Aucamp (Roelie) (emeritus)*